**Dinsdag 2 Mei**
**Skrifgedeelte: Genesis 2:8-25**
**Fokusgedeelte: Genesis 2:8-25**
**My hulp kom van die HERE wat my lewensmaat aan my gegee het!**
’n Vaardige ambagsman het altyd ’n getroue handlanger. Die een wat weet watter gereedskapstuk wanneer aangegee moet word. Die een wat kan rondloop agter materiaal en gereedskap aan. Ongelukkig is daar baie huwelike waar dit ook só gaan. Huweliksmaats is nie mekaar tot hulp nie. Die een is die ander se handlanger, nie die “ander ek” nie. Een praat en die ander moet doen. Die mens – Adam – is nie gemaak om ’n ambagsman te wees nie. Hy is onderkoning, geskape na die beeld van God. As onderkoning moes hy die diere name gee. Maar die onderkoning self was alleen. En dit is nie goed nie. God Self sê so. Die mens is geskape na die beeld van God. Die Verbondsnaam van die HERE word hier gebruik: Hy wat Homself uit loutere goedheid en genade, barmhartigheid en liefde aan die mens bind; in ’n verbondsverhouding met die mens tree.
Daarom is dit nie goed dat die mens alleen is nie; in sy alleenheid word die beeld van God nie voluit uitgestraal nie. En in die uitvoering van die geweldige taak om as onderkoning te regeer is die mens alleen. Hy het nie ’n handlanger nodig nie, maar ’n hulp. Die HERE gee aan Adam een uit homself: been van sy gebeente, vlees van sy vlees. Hulle lewe eksklusief vir mekaar (vs 24) om mekaar aan te kleef, en hulle lewe in volmaakte harmonie met mekaar (hulle is kaal, maar nie skaam vir mekaar nie – vs 25).
Met die beeld van die huwelik uit die paradys – vóór die sondeval – wek die Here hoop in ons harte wanneer Christus sy kerk ook sy bruid noem:

- In herstelde verbondsgemeenskap lewe ons met God; ons is nie alleen in hierdie koue, harde, ongenaakbare sondegebroke lewe nie.
- Ons word in ons roeping om te heers oor die skepping, ook oor die sonde, herstel wanneer ons as sy bruidskerk deel het aan ons Here se salwing deur die Heilige Gees.
- Ons lewe eksklusief vir Hom, en deur sy versoeningswerk is daar harmonie. Tot Hom wat álles van my weet, mag ek nader – nie in skaamte nie, maar met nederige dankbaarheid.

Gaan leef jy as man en vrou vandag in die kameraadskap wat God tussen julle gesmee het. Wees mekaar tot hulp in die uitleef van die hoë roeping wat Hy op julle lê. Waak daarteen dat jou maat nie in die huwelik vereensaam nie. Dit is nie goed om alleen te wees nie, veral nie as jy getroud is nie. Lewe eksklusief vir mekaar saam met mekaar. Sonder skaamte in volmaakte harmonie.
En laat hiérdie huwelikslewe van julle ’n weerspieëling van julle verhouding met ons hemelse Bruidegom wees! En bid vir hulle wat nog alleen is. Dit is nie goed nie – ook nie vir jou enkellopende broers en susters nie.
*Sing: Psalm 45-1:1, 6, 9, 16*
*Ds. JC van Dyk (Jannes) (Potchefstroom)*